**3 JUNIE** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 41**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 41:12**

## God se liefde laat ‘n mens lewe!

Die taal van die menskind, Dawid, ja, die taal van elke mens – dit is die taal van Psalm 41. By die lees van die psalm besef ek dat my lied in woorde voor die lewende Here nie altyd ‘n danklied of loflied hoef te wees nie. Die waarheid van Psalm 41 mag maar die waarheid en woorde van my lewe wees.

Dawid kla in Psalm 41. Hy sukkel met siekte. Hy sukkel egter met meer as siekte. Hy sukkel om die sinnelose manier van wraaksugtige teëstanders te verstaan. Hulle is mense wat hom wegwens, dood wens, mense verder weg, maar ook sy boesemvriend. Dawid sukkel met rugstekers, mense wat sy staanplekkie wil hê en mense wat nie gemaklik daarmee is dat Dawid koning is nie.

Dawid kla, maar hy kla by die Here. Hy is enigste Een wat werklik verstaan. Hy is die Een wat die binnekant van menswees begryp. Dawid se diep sieleseer word nie ‘n gekerm nie, maar ‘n kinderlike, dog ernstige versoek: “Wees U my genadig, Here . . . .” Onmiddellik dra die klaaglied die wonderklanke van sekerheid en rustigheid as Dawid sê: “Dit weet ek: U het my lief, my vyand sal nie oor my triomfeer nie.”

So lui Dawid se psalm. Die woorde van sy hart word die waarheid van jou lewe, want in Christus weet jy dat die Here jou liefhet. So lief het Hy jou dat Hy Christus Jesus stuur om mensekinders te verlos uit ‘n ontaarde geslag van mense wat niemand iets gun nie. Hy en Hy alleen is jou genadig. Hy gun jou die lewe!

*Sing: Psalm 41:6 (2001-omdigting)* *Dr Pieter Heystek (Pretoria-Montanapoort)*